

*Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Mensewoorde en Goddelike woorde

Skriflesing: Matteus 13:31-33 en Psalm 119

### Broodjies vir die pad

“It is an amazing thing to watch people laugh, the way it sort of takes them over. Sometimes they really do struggle with it . . . so I wonder what it is and where it comes from, and I wonder what it expends out of your system, so that you have to do it till you're done, like crying in a way, I suppose, except that laughter is much more easily spent.”

— Marilynne Robinson, *Gilead*

“We don't read and write poetry because it's cute. We read and write poetry because we are members of the human race. And the human race is filled with passion. So medicine, law, business, engineering... these are noble pursuits and necessary to sustain life. But poetry, beauty, romance, love... these are what we stay alive for.”

— Walt Whitman, *Leaves of Grass*

“This is what you shall do; Love the earth and sun and the animals, despise riches, give alms to every one that asks, stand up for the stupid and crazy, devote your income and labor to others, hate tyrants, argue not concerning God, have patience and indulgence toward the people, take off your hat to nothing known or unknown or to any man or number of men, go freely with powerful uneducated persons and with the young and with the mothers of families, read these leaves in the open air every season of every year of your life, re-examine all you have been told at school or church or in any book, dismiss whatever insults your own soul, and your very flesh shall be a great poem and have the richest fluency not only in its words but in the silent lines of its lips and face and between the lashes of your eyes and in every motion and joint of your body.”

— Walt Whitman

Walter Whitman was an American poet, essayist, journalist, and humanist. He was a part of the transition between Transcendentalism and realism, incorporating both views in his works. Whitman is among the most influential poets in the American canon, often called the father of free verse.

[https://www.goodreads.com/author/show/1438.Walt\\_Whitman](https://www.goodreads.com/author/show/1438.Walt_Whitman)

Menings perk in, maar stories maak ons vry

Dana Snyman

Saterdagoggend ry ek van Calvinia af die Boesmanland in. By my in die bakkie het ek my permit en my masker. 'n Mens wil weet wat die virus aan ons doen.

Verby die afdraai na Sakrivier-stasie. Noord. Met stemme oor die radio. Op Brandvlei stap oral mense sonder maskers rond. Ek hou voor die hotel stil wat al hoe lank toe is.

'n Ouerige man kom aangestap. Verslete baadjie. André Beukes. Ons groet mekaar op 'n veilige afstand en begin gesels oor die belaglike prys van gesmokkelde sigarette en die gebrek aan werkgeleenthede op die dorp.

In die laat 1800's nog het hier baie Boesmans in hierdie omtes gewoon. Naas hul eie taal het hulle 'n vroeë vorm van Afrikaans gepraat. Baie van hulle se stories is deur onder andere die skrywer G.R. von Wielligh opgeteken.

“Dis my voormense daai,” sê André. Ken hy die stories van Jakkals en Wolf, vra ek. Die Jakkals en Wolf-stories wat ook oom Dana Niehaus oor die radio vertel het toe ek 'n kind was.

“Ja.” André glimlag met skrefiesoë. “Ja. Ja. Ja.” Ons gaan sit op 'n randsteen en André begin vertel:

“Een dag wil Jakkals vir Wolf 'n streep trek. Ooeeee, daai Jakkals is 'n skelm wetter. Skelm en lui. Hy bedel orals. Hy en Wolf stap, en hulle stap. Dis winter. Dis Juniemaand, man. Later is hulle honger.

“‘Kom ons loop kry vir ons 'n skaap by Boer,’ sê Wolf. ‘Nee wat, ou Wolf,’ sê Jakkals. ‘Jou planne werk nooit nie. Kom ons gaan vang liewerster vis in Boer se dam.’”

André het die storie by sy oupa gehoor.

“Hulle gaan sit langs Boer se dam en Jakkals steek sy stert in die water,” vertel André. “Gou trek Jakkals 'n vis met sy stert uit die water. ‘Nou's dit jou beurt,’ sê hy vir Wolf.”

Die son skyn helder, maar dit kon net sowel laatnag rondom 'n vuurtjie onder die sterre gewees het, meer as honderd jaar gelede. Die Boesmans het ook Jakkals en Wolf-stories vertel.

Stories ken nie tyd nie. Stories word van mond na oor aangegee, oor geslagte en grense heen. Oorlede oom Dana Niehaus se Jakkals en Wolf-stories het lank-lank gelede al hier geleef.

“Wolf draai om en steek sy stert in die water.” André lag. “Wolf is dom, man. ‘Byt vissie, byt,’ sê hy. En dis koud, onthou. En Jakkals sê vir Wolf: ‘Wag net, Wolf. Die vissie sal nou byt’.

“Wolf wag nog so, toe ys sy stert in die water vas. Toe loop roep Jakkals vir Boer, en sê vir Boer: ‘Hier's die man wat jou skape so vang.’”

Ons sit nou naby mekaar op die randsteen, ek en André. Hopeloos te naby. Dis dalk ook iets wat die virus doen, dink ek toe ek van hom af wegy. Dit steel ons stories en laat ons agter net met menings. Ons bombardeer mekaar met ons menings eerder as om ons stories vir mekaar te vertel. Menings perk in. Stories maak vry.

Met die radio afgeskakel begin ek in Loeriesfontein se rigting ry.

Stories kom van ver af, het die ou Boesmans geglo. Stories dryf op die wind na ons toe aan.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/menings-perk-in-maar-stories-maak-ons-vry-20200629-3>

"Wait on the Lord" is a constant refrain in the Psalms, and it is a necessary word, for God often keeps us waiting. He is not in such a hurry as we are, and it is not his way to give more light on the future than we need for action in the present, or to guide us more than one step at a time. When in doubt, do nothing, but continue to wait on God. When action is needed, light will come."

— J.I. Packer, *Knowing God*

"God speaks to each of us as he makes us, then walks with us silently out of the night.

These are the words we dimly hear:  
You, sent out beyond your recall,  
go to the limits of your longing.  
Embody me.

Flare up like a flame  
and make big shadows I can move in.

Let everything happen to you: beauty and terror.  
Just keep going. No feeling is final.  
Don't let yourself lose me.

Nearby is the country they call life.  
You will know it by its seriousness.

Give me your hand."

— Rainer Maria Rilke, *Rilke's Book of Hours: Love Poems to God*

At the beginning of the 20th century, a young German poet returned from a journey to Russia, where he had immersed himself in the spirituality he discovered there. He "received" a series of poems about which he did not speak for a long time - he considered them sacred, and different from anything else he ever had done and ever would do again. This poet saw the coming darkness of the century, and saw the struggle we would have in our relationship to the divine. The poet was Rainer Maria Rilke, and these love poems to God make up his *Book of Hours*.

[https://www.goodreads.com/book/show/467164.Rilke\\_s\\_Book\\_of\\_Hours](https://www.goodreads.com/book/show/467164.Rilke_s_Book_of_Hours)

## Die kind

Die kind is nie dood nie  
die kind lig sy vuiste teen sy moeder  
wat Afrika skreeu skreeu die geur van  
vryheid en heide  
in die lokasies van die omsingelde hart

Die kind lig sy vuiste teen sy vader  
in die optog van die generasies  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van geregtigheid en bloed  
in die strate van sy gewapende trots

Die kind is nie dood nie  
nòg by Langa nòg by Nyanga  
nòg by Orlando nòg by Sharpeville  
nòg by die polisiestatie in Philippi  
waar hy lê met 'n koeël deur sy kop

Die kind is die skaduwee van die soldate  
op wag met gewere sarasene en knuppels  
die kind is teenwoordig by alle  
vergaderings en wetgewings  
die kind loer deur die vensters van

huise en in die harte van moeders  
die kind wat net wou speel in die son by  
Nyanga is orals  
die kind wat 'n man geword het trek deur  
die ganse Afrika  
die kind wat 'n reus geword het reis  
deur die hele wêreld

Sonder 'n pas

Ingrid Jonker

## Brood vir die pad

Ons treur nie oor statistieke nie, ons treur oor mense

Die treffende voorblad van *The New York Times* van Sondag 24 Mei het heelwat gesprek ontlok. Anders as die gebruikelike artikels en foto's, is gewoon lang kolomme name geplaas – verteenwoordigend van mense wat tot in daardie stadium in Amerika weens Covid-19 gesterf het.

By sommige name is 'n reël toegevoeg wat uit plaaslike koerante se doodsberigte ontleen is, byvoorbeeld Patricia H. Thatcher, 79, "sang in her church choir for 42 years", Frank Gabrin, 60, "emergency room doctor who died in his husband's arms" en Angeline Michalopoulos, 92, "who was never afraid to sing or dance". Hierdie voorblad se punt is duidelik: die pandemie behels meer as statistieke, dit gaan oor mense, unieke mense met spesifieke stories. "They Were Not Simply Names on a List. They Were Us," lui die opskrif dan ook.

Elkeen van ons sal seker op ons eie manier, ook in hierdie vreemde tye, kan onderstreep dat ons en ons geliefdes nie maar bloot lede van 'n spesie is nie; nie maar in die algemeen deel van die mensdom nie. Nee, ons is sonderlinge en komplekse entiteite. Ons het ons eie bepaalde verledes, eienskappe, en eienaardighede.

Its van die sensitiwiteit vir die partikuliere aard van mense en dinge word vervat in die Latynse term *haecceitas*. Hierdie begrip, wat dikwels geassosieer word met die Middeleeuse skolastiese filosofie van Duns Scotus, dui op die kwaliteit wat 'n persoon of objek 'n partikuliere en individuele karakter gee. Dit is moeilik vertaalbaar, maar ons sou dalk kon praat van "díttheid" (haec is die Latyns vir "hierdie"; in Engels dan "thisness").

Hierdie gedagte van *haecceitas* word ook geaksentueer in die Victoriaanse en Jesuïtiese digter Gerard Manley Hopkins se "As Kingfishers Catch Fire": "... Each mortal thing does one thing and the same: / Deals out that being indoors each one dwells; / . . . myself it speaks and spells, / Crying What I dó is me/ for that I came."

Dit is waarskynlik juis hierdie partikuliere gegewendheid, hierdie díttheid van mense en dinge, wat maak dat ons hul skoonheid en veelkantigheid kan herken en vier. Asook waarom ons op 'n spesifieke manier oor die verlies aan 'n eggenoot, ouer of vriend treur.

Wat herinner aan die Franse filosoof Paul Ricoeur wat sy *The Course of Recognition* (2005) eindig met 'n opmerking van Montaigne wat rou oor sy vriend La Boétie: "As jy my sou druk om te vertel waarom ek hom liefgehad het, voel ek dat ek dit nie kan uitdruk nie, buiten miskien om te sê: Want dit was hý, want dit was ék." – RRV

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-treur-nie-oor-statistieke-nie-ons-treur-oor-mense-20200717>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877